Leef saam
HUISGELOOF

## WELKOM

Maak saam ʼn lys van spesiale feesdae. Gesels oor hoekom daardie dae gevier word. Voorbeeld: Kersfees waar ons Jesus se geboorte vier. Dit hoef nie net kerklike feesdae te wees nie; dit kan ook dinge soos verjaarsdae insluit.

## WONDER

Vandag se verhaal kom uit die boek Ester. Dié boek word steeds tydens die Purimfees gelees. Die Jode vier hierdie fees sodat hulle kan onthou hoe God vir hulle gesorg het in die tyd van Ester.

Lees Ester 4:8-14 saam.

*Nota:* Dit sal goed wees as ten minste een persoon die hele boek lees om die verhaal klaar te vertel.

Gesels saam:

- Watter eienskappe sal julle gebruik om Ester te beskryf?
- Hoekom dink julle kon Ester dit regkry om so dapper op te tree?
- Vertel vir mekaar van kere waar julle ook dapper moes wees.
- Hoe help die verhaal van Ester ons om dapper te wees?

## WEES

Reël ʼn fliekaand vir die gesin. Kies ʼn fliek waarin mense hulle vrese moes oorkom om sekere uitdagings aan te pak. Hier is ʼn paar voorstelle:

- *Sing 1* (Minah se vrees om voor mense te sing)
- *Sing 2* (Rosita se vrees vir hoogtes)
- *Orion and the dark* (Orion se vrees vir alles)
- *Finding Nemo* (Marlin se vrees vir verlies)

WEGSTUUR

Dit is binnekort Kersfees wat een van die groot feesdae is wat gelowiges vier. Maak ’n punt daarvan om wanneer julle Kersversierings sien of iets rondom Kersfees doen, mekaar te herinner waaroor hierdie feesdag gaan.